

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 10: Miketz (מִקֶּטֶץ) – Aan die Einde

Ná verloop van twee volle jare het Farao gedroom dat hy by die Nyl staan. Gen. 41:1

Torah : Gen. 41:1 tot 44:17

- ❖ **Inleiding: YHVH is in Beheer**
- ❖ **Gen. 41:28 tot 31 – Hongersnood!**
- ❖ **Gen. 42:23 tot 25 – Vergifnis**

Haftorah: 1 Kon. 3:15 tot 4:1 – Die Euwel van Afguns

B'rit Chadashah: Matt. 7:2; Luk. 4:16 tot 31

Faith that fizzles in the finish has a flaw in the beginning – Dwight L Moody

Midrash (Torah Bespreking)

Inleiding: YHVH is in Beheer!

Die vorige parashah het geëindig met die woorde: *En die voorman van die skinkers het nie aan Josef gedink nie, maar hom vergeet* (Gen. 40:23). Vir twee jaar lank het die voorman van die skinkers van Josef se versoek om hom te onthou (te *zakar* – verwys notas parashah 9) en hom 'n guns by Farao te bewys, vergeet (Gen. 40:14). Daarom is die openingswoorde van hierdie parashah: *Na verloop van twee volle jare...of anders gestel: Aan die einde van twee jaar*. In hierdie parashah leer ons van die gebeure twee jaar nadat die voorman van die skinkers in sy pos herstel was en die voorman van die bakkers tereggestel was. Beide wie se drome deur Josef uitgelê was en bewaarheid geword het.

Die gebeure in hierdie parashah is propvol profetiese betekenis. Dit is veral profeties ten opsigte van die uiteindelijke herstel van die twee Huise van Israel. Die huis van Juda en die huis van Efraim (Israel, Josef) moet weer versoen word om aan die einde van dae een huis (volk) in die hand van YHVH te wees (Eseg. 37:15 tot 28).

Aan die einde is ook profetiese woorde vir die tyd waarin ons leef. Die meerderheid mense, ongeag of hulle geestelik ingestel is of nie, is van mening dat ons aan die einde van tye gekom het. Ons leef aan die einde van die 2000-jaar siklus na Yeshua se kruisiging, opstanding en hemelvaart. Hierdie is die derde 2000-jaar siklus sedert die Skepping wat gevolg sal word deur 'n 1000-jaar van vrede, bekend as die Millennium of die Messias Vredesryk. Daarom is dit gepas dat ons die woorde van Paulus in 1 Kor. 10:1 tot 11 sal onthou, naamlik dat ons nie God sal versoek soos Israel gedoen het nie. Veral vers 11 waar Paulus ons herinner dat al hierdie dinge wat Israel van ouds oorgekom het, opgeskrywe is as 'n waarskuwing aan ons op wie die einde van die eeue gekom het.

Alles in Torah en die Afgesonderde Skrifte in geheel wys na wat aan die einde van tye sal gebeur. Dit herinner ons aan die teksvers wat ons leer dat die einde word deur die begin bekend gemaak:

Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen.
Jes. 46:9 en 10.

Van Gen. 1:1 tot Open. 22:21 het ons die versekering dat YHVH elke oomblik in beheer is. Hierdie week se parashah is dan ook 'n herinnering dat YHVH te alle tye en in alle omstandighede in beheer is. Dit het ons reeds in verlede week se parashah ook geleer. Josef het dit verstaan en YHVH vertrou dat alles deel is van Sy Raadsplan en dat alle dinge ten goede sal meewerk vir die wat YHVH waarlik liefhet en gehoorsaam is. Josef het 'n *dit-sal-ten-goede-meewerk-vertroue* in Vader-God gehad.

En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. Rom. 8:28.

Selfs in ons donkerste uur kan ons die belofte van YHVH soos deur die profeet Jeremia aan Israel gebring was, ons eie maak:

Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, sê Yahweh, gedagtes van vrede en nie van rampspoed nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Jer. 29:11 (Woord en Getuienis).

Josef se geskiedenis is bevestiging dat YHVH altyd in beheer is, al lyk dit uit menslike oogpunt nie so nie. Josef se lewe is vir ons 'n bewys van YHVH se onverdiende guns en dat Sy raadsplan plan nie van stryk gebring sal word deur ons eie tekortkominge of selfs ons omstandighede nie. Die geskiedenis van Josef is ook bevestiging dat YHVH se tydsplan volmaak is en dat ons as mense nie altyd die groter prentjie van YHVH se plan sien of verstaan nie.

Josef is ook 'n voorbeeld van 'n geestelike groeiproses om 'n afgesonderde priesterdom vir YHVH te wees. Onderrig in Torah het hom geleer hoe om meer as 'n oorwinnar te wees (Fil. 4:13). Josef kon Torah prakties in sy lewe toepas en sodoende in oorwinning oorleef. Hy het Lewe gekies.

Te midde van beproewing moet ons Lewe kies. Torah-gehoorsaamheid in Yeshua is ware lewe in oorwinning

To be "in the will of God" is not a matter of intellectual discernment, but a state of heart. Its motto is: "My Father can do what he likes with me, He may bless me to death, or give me a bitter cup; I delight to do His will – Oswald Chambers

Bepens of Bespreek

1. Josef was 17 jr oud toe hy as slaaf na Egipte geneem is. Hy was vir sowat 10 jaar in die tronk. Te midde van alles wat met hom gebeur het, het hy egter gefloreer in sy verhouding met YHVH!! Gedurende Josef se jare van beproewing het hy bly eet van die Boom van Lewe. Sou ons so gereageer indien ons in Josef se skoene was??
2. Beproewinge is dikwels 'n suiweringsproses waar jy jousef beter leer ken (dit ontbloot die hart) en die tyd wat jou verhouding met Vader versterk word. Redding is deur geloof, maar besnydenis van die hart kom dikwels deur beproewinge. Die sterwe van die eie-ek (selfisme) totdat slegs YHVH Yeshua sigbaar is, is die einddoel vir elkeen! [Beproof (*refine*; Hebreeus: *tsaraf*) beteken gesuiwer, gelouter, veredel. Dit kan vergelyk word met 'n silwersmit wat in sy smeltkroes al die onsuierhede verwyder (Ps. 66:10... *want U het ons getoets, o God, U het ons gelouter soos 'n mens silwer louter*)].

Gen. 41:28 tot 31 – Hongersnood!

Dit is wat ek vir Farao gesê het: “God het vir Farao gewys wat Hy op die punt staan om te doen. Let op, daar kom sewe jare van groot oorvloed in die hele land van Egipte en daarna sal sewe jare van hongersnood aanbreek en al die oorvloed sal in Egipte vergeet word en die hongersnood sal die land vernietig. Die oorvloed sal nie in die land opgemerk word weens die hongersnood wat daarna sal volg nie, want dit sal baie swaar wees. Gen. 41:28 tot 31 – PWL Vertaling.

Farao se twee drome is 'n profetiese heenwysing na 'n toekomstige hongersnood soos wat Amos geprofeteer het:

Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה-God, “wanneer Ek 'n hongersnood oor die land sal stuur, nie 'n honger na brood of 'n dors na water nie, maar eerder om die boodskap van יהוה te hoor. Amos 8:11 – PWL Vertaling

Die profeet Amos verklaar dat daar 'n tyd gaan kom wat daar 'n hongersnood gaan wees – nie 'n honger na brood en water nie, maar 'n honger om die Woord (die Torah) van YHVH te hoor en dit te doen! Let wel dat hierdie hongersnood nie weens 'n gebrek aan die Woord is nie, maar weens 'n gebrek om die Woord te hoor en dit te doen! Dit beteken dat die Woord vrylik beskikbaar is, maar die mense hoor nie, verstaan nie en doen nie wat die Woord van YHVH vir hulle sê nie.

Hongersnood beteken om mettertyd te sterwe weens 'n gebrek aan voedsel. Volgens die profeet Amos sal daar dus 'n tyd kom wat mense geestelik sal sterf omrede hulle weier om gehoorsaam te wees aan YHVH se onderrig en instruksies, naamlik Sy Torah. Hierdie toestand ontstaan omrede mense net dit wil hoor wat hulle graag wil hoor. Hulle wil dié dinge hoor wat hulle gehoor streel.

*Ek beveel jou, voor God en ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een; Hy wat die lewende en dié wat dood is gaan oordeel by die openbaring van Sy Koninkryk: verkondig die boodskap; staan ywerig daarop, tydig en ontydig; berispe, spreek aan met baie aanhoudende geduld en lering, **want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streel en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai.** 2 Tim. 4:1 tot 4 – PWL Vertaling.*

Dit kan vergelyk word met die manna wat in die woestyn beskikbaar was, maar die mense het ander voedsel gesoek. Die Woord van YHVH is die ware brood wat lewe gee en wat voed (Matt. 4:4; Joh 6:48; Joh. 7:37) en wat vrylik beskikbaar is, maar mense verwerk dit tot voedsel waarvan die heilsaamheid verwyder is. Hierdie voedsel gee die gevoel van genot en versadiging, maar het weinig voedingswaarde. Die resultaat is mense wat geestelik ondervoed en wangevoed is. Uiteindelik lei dit tot geestelike dood.

‘n Groot deel van die Christendom verkeer in hierdie toestand. Baie versadig hulleself op tradisie en mensgemaakte leerstellings. YHVH se Torah is van die geestelike spyskaart verwyder!! Daar word baie graag na boodskappe van Christenselfisme en Christenmaterialisme geluister, terwyl gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies verwerp word.

We live in a day of itching ears, but I have no commission from God to scratch them – Leonard Ravenhill

Ons leef nog in die tyd van geestelike oorfloed – die sewe jare van groot oorfloed soos deur die sewe vet koeie en die sewe vet koringare in Farao se droom uitgebeeld word. Daarom moet ons YHVH soek terwyl Hy nog te vinde is!

Soek YHVH terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot YHVH bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. Jes. 55:6 en 7.

Ons moet in die tyd van geestelike oorfloed vir ons hemelse skatte versamel wat nie kan vergaan of gesteel word nie. Dit sal ons voorsiening wees vir die komende hongersnood wat deur die sewe maer koeie en sewe maer koringare van Farao se droom uitgebeeld word.

Moenie vir julle skatte opgaar hier op die aarde, waar motte en roes vernietig en waar diewe inbreek en steel nie, maar stoor vir julle self skatte in die hemel, waar mot of roes nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie, want waar julle rykdom is, daar sal julle gedagtes, wil en emosie ook wees. Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan goed is, sal jou hele liggaam goed verlig wees, maar as jou oog boos is, sal jou hele liggaam vol donkerte wees. As die lig in jou dan duisternis is, hoe groot is die donkerte nie! Geen man kan vir twee meesters werk nie, want hy sal òf die een haat en van die ander een hou, òf hy sal getrou wees aan die eerste een en die ander een verwaarloos. Dit is nie moontlik om vir God én vir Mammon te werk nie! Daarom sê Ek vir julle: ‘Moenie bekommerd wees oor julle self, wat julle sal eet of drink nie, of oor julle liggaam, wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as kos en die liggaam meer as klere nie?’ Kyk na die voëls in die lug! Hulle saai nie en hulle maai ook nie en hulle stoor nie kos in skure nie en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Wie van julle kan deur bekommerd te wees, een el by sy lengte byvoeg? Waarom bekommerd wees oor klere? Dink ernstig aan die lelies van die veld en hoe hulle groei, sonder om hard te werk of te spin en tog sê Ek vir julle, dat selfs nie eens Shlomo, in al sy eer en lof soos een van hulle aangetrek was nie. As dit dan is hoe God die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in ‘n oond gegooi word, aantrek, sal Hy julle dan nie soveel meer aantrek nie? Hoe min vertrou het julle nie! Daarom moet julle nie bekommerd wees en vra: ‘Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie,’ want dit is die ander nasies wat konsentreer op al hierdie dinge. Julle hemelse Vader weet dat julle ook al hierdie dinge nodig het, maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydigheid en opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word. Bekommer julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge bekommer. Elke dag het genoeg aan sy eie booshede. Matt. 6:19 tot 34 – PWL Vertaling.

Bepeins of Bespreek

1. Die geskiedenis van Josef is bevestiging dat ons geloofslewe nie ‘n rusbank-geloof is nie. Ons kan egter in tye van beproewing en hongersnood vashou aan die belofte in Sag. 10:6 tot 9 en 12 wat ook ‘n verduideliking is van YHVH se plan soos dit in die einde van dae vervul sal word:

En Ek sal die huis van Juda sterk maak en aan die huis van Josef hulp verleen en hulle ‘n woonplek aanwys, want Ek ontferm My oor hulle; en hulle sal wees asof Ek hulle nie verwerp het nie, want Ek is YHVH hulle God, en Ek sal hulle verhoor. En Efraim sal wees soos ‘n held, en hulle hart sal vrolik wees soos deur wyn, en hulle kinders sal dit sien en hulle verbly, hulle hart sal juig in YHVH. Ek wil vir hulle fluit en hulle vergader, want Ek het hulle losgekoop; en hulle sal net so talryk wees soos tevore. En Ek sal hulle saai onder die volke, en in die verafgeleë streke sal hulle aan My dink; en hulle sal saam met hul kinders in die lewe bly en terugkom.

En Ek sal hulle sterk maak in YHVH, en hulle sal in sy Naam wandel, spreek YHVH.

- Volgens die Skrifte is beide Josef en Dawid 'n sinnebeeld van Yeshua Messias. Josef word met die eerste koms van Yeshua vergelyk en daarom word Yeshua ook *Mashiach Ben Yosef* (Messias seun van Josef) genoem die dienende en lydende Messias. Dawid word met die wederkoms van Yeshua vergelyk en is daarom ook bekend as *Mashiach Ben David* (Messias Seun van Dawid), die Koning van alle konings. Ons leef in die dispensasie van *Mashiach Ben Josef* en daarom is ons ook die dienende en dikwels die lydende studentevolgelinge van Yeshua. Tot met die wederkoms van Yeshua sal ons lewe ook in vele opsigte soos die van Josef wees. Ons sal beproef word en daaglik met probleme, versoekinge en uitdagings worstel.

Gen. 42:23 tot 25 – Vergifnis

En hulle het nie geweet dat Josef dit verstaan nie, want daar was 'n tolk tussen hulle. Toe draai hy hom van hulle af weg en ween. Daarna het hy na hulle teruggegaan en met hulle gespreek; en hy het Símeon onder hulle uitgeneem en hom voor hulle oë gebind. Daarop gee Josef bevel om hulle sakke vol koring te maak en elkeen se geld weer in sy sak te sit en om aan hulle padkos vir die reis saam te gee. En so is aan hulle gedoen.

Nadat Josef se broers in Egipte aangekom het om koring te koop en hulle voor hom gebuig het, het hy geweene. Daar was geen bitterheid of onvergifnis in Josef se hart vir die onreg wat sy broers aan hom gedoen het nie. Nee, daar was slegs hartseer! Hoewel Josef, naas Faraó, die magtigste persoon in Egipte was, het hy nie sy magsposisie gebruik om vergelding te eis nie. Nee, Josef se hartsverlange was dat versoening tussen hom en sy broers moes plaasvind. Hy het ook die verlange gehad om sy vader Jakob weer te sien. Daarom het Josef 'n plan beraam hoe om sy vader en broers na Egipte te bring waar hy vir hulle kon sorg.

Josef se lewe is vir ons 'n les in vergifnis!! Dit is ook 'n sinnebeeld van die vergifnis en voorsiening in YHVH Yeshua! Dit herinner ons aan die woorde van Yeshua:

En Hy het vir sy dissipels gesê: Dit is onvermydelik dat die struikelblokke kom, maar wee hom deur wie hulle kom. Luk 17:1

In Luk. 17:1 tot 4 leer Yeshua Sy studentevolgelinge die belangrikheid om te vergewe. Hy leer hulle dat dit onvermydelik is dat struikelblokke oor elkeen se lewenspad sal kom. Hiermee het Yeshua na figuurlik gesproke struikelblokke verwys wat soos 'n vangstrik, of soos 'n oorsaak van struikeling, sal wees. Hierdie struikelblokke is dit wat mense aan jou doen wanneer hulle jou verontreg, beledig, verwerp en emosioneel seermaak. Sulke struikelblokke kom dikwels oor elkeen se lewenspad. Dit is onvermydelik! Hierdie vangstrikke wek misnoë, gee aanstoot en veroorsaak weersin wat tot gevolg kan hê dat jy met onvergeeflikheid in jou hart loop. Onvergeeflikheid is sonde en kan die oorsaak wees dat 'n wortel van bitterheid in jou binneste kan posvat.

Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Meester sal sien nie; en pas op dat niemand in die guns van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie. Heb 12:14 en 15

Onvergeeflikheid het onvrede en onreinheid tot gevolg en maak heiligmaking onmoontlik en is daarom vrugbare grond vir 'n wortel van bitterheid. Hierdie wortel van bitterheid kan meebring dat jy in die genade (onverdiende guns) van YHVH veragter – dit is om jouself van YHVH se genade te ontnem deur jou optrede van onvergifnis. Dit kan ook aanleiding gee tot verdere onderlinge geskille en dat baie ander persone daardeur besoedel sal word.

Watter optrede veroorsaak dat jy onder YHVH se genade uitbeweeg en ander persone besoedel? Dit is jou onwilligheid om te vergewe! Jy het dus in die vangstrik getrap en word daardeur vasgehou

wanneer jy met onvergewensgesindheid loop. Dit het 'n wurggreep op jou en dit gaan jou en ander om jou negatief beïnvloed en ernstig benadeel.

Jou onvergewensgesindheid veroorsaak dat jy die lydende party word!! Dit is nie dit wat aan jou gedoen was, of steeds gedoen word, wat die grootste pyn en hartseer veroorsaak nie. Nee, jou onwilligheid om daardie persoon (persone) wat jou verontreg het te vergewe, sal maak dat YHVH nie meer aan jou genade kan bewys nie. Hoekom? Deur jou onvergewensgesindheid oortree jy een van YHVH se belangrikste geestelike wette, naamlik: *Vergewe ander sodat jy deur YHVH vergewe kan word.* Hierdie geestelike wet is opgeteken in Matt. 6:14 en 15, asook Mark. 11:25 en 26.

Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie. Matt. 6:14 en 15

En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe. Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie. Mark. 11:25 en 26

Lees dit weer! **Indien jy en ek nie bereid is om ander te vergewe nie, sal Vader-God ons nie vergewe nie!!** Dan verbeur ons die genadevergifnis in Yeshua Messias!

Niemand kan bekostig om onder YHVH se genade, soos in Yeshua Messias geopenbaar is, uit te beweeg nie. Daarom is dit noodsaaklik om elkeen wat jou 'n onreg aandoen te vergewe. Ons moet vergewe soos YHVH ons vergewe. Ons moet vergewe sonder om eers vergelding te eis. Laat vergelding aan Vader-God oor en vertrou Hom om namens jou op te tree. Wees verseker dat ellende (smart) wag op die persoon, of persone, wat die struikelblok op jou pad geplaas het. Want onthou dat Yeshua 'n ernstige waarskuwing rig aan diegene wat die oorsaak van struikeling is: *maar wee hom deur wie hulle kom* (Luk. 17:1).

Jou en my taak is om te vergewe en nie om wraak te neem nie.

Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek YHVH. Rom. 12:19.

Yeshua Messias het namens jou en my die ergste verontregting ondergaan toe Hy as onskuldige aan die folterpaal gesterf het sodat ons vergifnis kan ontvang. Yeshua het namens jou en my ons verontregting, verwerping en beledigings op Hom geneem sodat ons ook ander kan vergewe.

YHVH se genade is altyd meer as ons sonde. Hy is bereid om ons telkens te vergewe. Wie is jy en ek om ander dan nie te vergewe nie? Onwilligheid om ander te vergewe, maak dat ons onself bokant die Vader verhef. Nee, ons moet onself verneder deur ander te vergewe!

Om nie te vergewe nie is soos om gif te drink in die hoop dat die ander persoon sal sterf. Jy moet vergewe terwille van jouself, en nie terwille van die persoon wat jou verontreg het nie! Onvergifnis maak van jou 'n gevangene in 'n gevangenis wat jyself oprig en waarvan jy die tronkbewaarder is. Jy bepaal jou eie vrylating, en vergifnis is die pad na vryheid!!

Om te vergewe is jou bereidwilligheid om jou reg om verontreg te voel, prys te gee. Dit is om die Vader te vertrou dat Hy die proses van vergifnis sal voltooi en dat jy weer as 'n emosioneel gesonde mens anderkant sal uitkom. Dit is om die liefdevolle Vader te vertrou dat Hy vir jou honderdvoudig sal teruggee dit wat jy verloor het. Dit is om te vertrou dat jy uiteindelik nie net vergewe het nie, maar dat jy ook vergeet het!

Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand ons Meester sal sien nie
Heb. 12:14

Vergewe sodat jy vergewe kan word en sodat jy deel van YHWH se genade en Koninkryk kan bly. Vergifnis bring vrede; vrede met die Vader, vrede met jou medemens en vrede in jou eie gemoed. Dit is die pad van heiligmaking en ware vrede (shalom). Neem Yeshua Messias se hand en stap die pad. Hy is jou Hoëpriester wat jou swakhede en emosies verstaan (Heb. 4:15). Hy is die Een wat versoening bewerkstellig.

Bepeins of Bespreek

1. Is dit altyd maklik om te vergewe? Gaan die gevoel van seer en verontregting dadelik weg as jy iemand vergewe? Om te vergewe is dikwels 'n proses. Die beginpunt is die bereidwilligheid en daad om te vergewe. Dit is om daardie persoon (persone) te vergewe al het jy nog seer en voel jy verontreg. Jy vergewe en neem jou emosie na Vader-God wat jou sal troos en jou emosioneel sal genees.

Vergifnis kan nie die verlede verander nie, maar wel die toekoms – jou toekoms!!

Forgiveness Is Not An Occasional Act: It Is A Permanent Attitude – Martin Luther King

Forgiveness is the key which unlocks the door of resentment and the handcuffs of hatred. It breaks the chains of bitterness and the shackles of selfishness. The forgiveness of Yeshua not only takes away our sins, it makes them as if they had never been – Corrie ten Boom

You can live in the past, but there is no future there – Unknown

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

1 Kon. 3:15 tot 4:1 – Die Euwel van Afguns

In hierdie week se Haftorah Skriflesing leer ons van die euwel en gevare van afguns wat ook as jaloesie, naywer of ywersugtigheid beskryf kan word.

Salomo het vir YHWH gevra om vir hom 'n opmerksame hart te gee om reg te spreek oor die volk en om te kan onderskei tussen goed en kwaad (1 Kon. 3:9). YHWH het hierdie versoek toegestaan en aan Salomo 'n wyse en verstandige hart gegee:

Kyk, Ek gee jou 'n wyse en verstandige hart, sodat een soos jy vóór jou nie gewees het en een soos jy ná jou nie sal opstaan nie. 1 Kon. 3:12.

Kort hierna het Salomo voor sy eerste toets te staan gekom!

Toe kom daar twee vroue, wat prostitute was, na die koning en staan voor hom. Die een vrou het gesê: “Ag, my meester, hierdie vrou en ek woon in dieselfde huis en ek het geboorte gegee aan 'n kind terwyl sy in die huis was. Dit het gebeur op die derde dag na ek geboorte gegee het, dat hierdie vrou ook geboorte gegee het en ons was saam. Daar was niemand anders by ons in die huis nie, slegs ons twee in die huis. Hierdie vrou se seun het in die nag gesterf, omdat sy op hom gelê het. Sy staan toe in die middel van die nag op en vat my seun van langs my weg terwyl u dienaars slaap en sit hom aan haar bors en lê haar dooie seun aan my bors. Toe ek die oggend opstaan om my seun te versorg, let op, hy is dood, maar toe ek in die oggend versigtig na hom kyk, let op, hy was nie my seun, waaraan ek geboorte gegee het nie!” Toe sê die ander vrou: “Nee, want die lewendige een is my seun en die dooie is jou seun.” Die eerste vrou sê egter: “Nee, want die dooie een is jou seun en die lewendige een is my seun.” So het hulle voor die koning gepraat. 1 Kon. 3:16 tot 22 – PWL vertaling.

Die wyse wat Salomo die geskil wou oplos was deur die lewendige kind met 'n swaard in twee te deel en vir elkeen 'n helfte te gee! Hierop het die vrou van die lewendige kind gereageer omrede sy diep

ontroerd was en gesê: *Ag, my meester, gee vir haar die lewendige kind en maak hom nie dood nie!* Die ander vrou het egter gesê: *Hy sal nie myne of joune wees nie; verdeel hom!* (1 Kon. 3:26). Hierop het Salomo gereageer en gesê: *Gee die lewendige kind aan die eerste vrou en maak hom in geen geval dood nie. Sy is die moeder* (1 Kon. 3:27).

Toe die hele Yisra'el hoor van die oordeel wat die koning uitgespreek het, was hulle bang vir die koning, want hulle het gesien dat die wysheid van God, om reg te laat geskied, in hom was. 1 Kon. 3:28 – PWL Vertaling.

Hoe het Salomo geweet wie die moeder van die lewendige kind was? Die antwoord vind ons in vers 23: *Die een sê: 'Hierdie is my seun wat lewe en jou seun is die dooie een;' en die ander sê: 'Nee, want die dooie een is jou seun en my seun die lewendige een.'*

Salomo se wysheid in hierdie situasie was sy insae in afguns. Eerstens het hy het geweet dat geen ware moeder sal toelaat dat haar kind dood gemaak word nie. Tweedens het Salomo geweet dat die gees van afguns die begeerte tot gelykheid is! Afguns is nie net die begeerte om dit te wil hê wat ander het nie, maar afguns is ook tevrede dat dit wat ander het, weggeneem word sodat ander dieselfde het as wat jy het.

Afguns word aangedryf deur 'n begeerte tot gelykstelling al beteken dit dat albei partye niks het nie. Daarom lees ons in vers 23 dat die moeder van die lewende kind die klem op lewe geplaas het – *Hierdie is my seun wat lewe en jou seun is die dooie een;* terwyl die moeder van die dooie kind het die klem op dood geplaas – *Nee, want die dooie een is jou seun en my seun die lewendige een.* Die moeder van die dooie kind was bereid dat die lewendige kind ook sterf sodat albei geen kind het nie! *Hy sal nie myne of joune wees nie; verdeel hom!* (1 Kon. 3:26). Daarom is afguns ook die bereidwilligheid om dit wat 'n ander besit, of die aansien en status wat 'n ander beklee, weg te neem.

'n Afgunstige persoon kan nie vrede maak met die feit dat iemand anders meer as hy het nie, en word aangedryf om op gelyke voet met ander te wees ongeag wat dit vereis. Daarom is dit nie werklik vir 'n afgunstige persoon belangrik om dit te besit wat 'n ander het nie, of dit te wees wat ander is nie. Nee, wat werklik saak maak is gelykstelling met ander.

In die lig van bogenoemde kan ons die verband sien tussen hierdie Haftorah Skriflesing en die geskiedenis van Josef (parshah 9 en 10). Josef se broers was afgunstig op hom. Hulle afguns het hulle sodanig verblind en hulle harte verhard dat hulle geensins die gevoelens van hulle vader Jakob in ag geneem het nie. Hulle was bereid om vir jare hulle vader se verdriet oor Josef te aanskou, terwyl hulle die gees van afguns teenoor Josef in hulle harte bly koester het!

Ware liefde is nie afgunstig (jaloers) nie (1 Kor. 13:4). Jakobus skryf ook in sy brief: *want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade* (Jak. 3:16). Afguns is deel van die lys van die werke van die vlees wat Paulus in sy brief aan die Galasiërs noem en dat die wat hieraan skuldig is nie die koninkryk van God sal beërwe nie (Gal. 5:19 tot 21).

Bepeins of Bespreek

1. Is afguns (jaloesie) altyd 'n negatiewe hoedanigheid? Wat van Ex. 34:14 wat lees: *Want jy mag jou nie neerbuig voor 'n ander god nie; want YHWH se Naam is Jaloers – 'n jaloerse God is Hy.* Paulus skryf ook in 2 Kor. 11:2 – *want ek is jaloers oor julle met God se jaloesie, want ek het julle afgegee om te trou met Een Man; om julle as 'n rein maagd aan Die Gesalfde Een voor te stel.* Wat van 'n man wat jaloers is op sy vrou? Is dit verkeerd? Kan die verskil tussen positiewe jaloesie (afguns) en negatiewe jaloesie soos verduidelik word? Positiewe jaloesie is om te begeer wat regmatig joune is en negatiewe jaloesie is om te begeer wat nie regmatig joune is nie?!
2. Het die verhaal van die twee prostitute enige profetiese betekenis van toekomstige gebeure? Verteenwoordig die twee vroue die twee huise van Israel? Is die een vrou die huis van Juda

(Judaïsme) wat 'n kind (Messias) gebaar het en toe doodgemaak het, of is sy die huis van Efraim (die Christendom) wat die Hebreeuse Yeshua 'doodgemaak' het en met 'n Griekse Jesus vervang het? Gaan die huis van Juda en die huis van Efraim in die einde van dae stry oor wie is Yeshua en aan wie 'behoort' Hy. Die grondwoord waarvan die naam Salomo afgelei is, is *shalom*. Gaan albei huise voor die Prins van Vrede, Yeshua Messias, verskyn sodat die saak besleg kan word?

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat shalom.

Johan

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.